



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**EKONOMIE
NOVEMBER 2008
MEMORANDUM**

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 28 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word verskaf as antwoorde op die volgende vrae.

- | | | | |
|--------|--|----------|------|
| 1.1.1 | C (vraag- en aanbodkant) ✓✓ | | |
| 1.1.2 | B (drie) ✓✓ | | |
| 1.1.3 | C (uitvoere na die VSA neem toe) ✓✓ | | |
| 1.1.4 | C (monopolie) ✓✓ | | |
| 1.1.5 | B (markmislukking) ✓✓ | | |
| 1.1.6 | A, B, C ✓✓ | | |
| 1.1.7 | A (Vaardigheidsondersteuningsprogram) ✓✓ /
B (Swart Ekonomiese Bemagtiging) ✓✓ | | |
| 1.1.8 | A (liberaliseer) ✓✓ | | |
| 1.1.9 | A (Verbruiksprysindeks - VPI) ✓✓ | | |
| 1.1.10 | A (te daal) ✓✓ | | |
| 1.1.11 | C (vreedsame politieke transformasie) ✓✓ | | [24] |
| 1.1.12 | A (kwotas) ✓✓ /
B (belasting) ✓✓ | (12 x 2) | |

1.2 Kies, uit die lys, die woord wat die stellings die beste beskryf.

- | | | | |
|-------|--|---------|------|
| 1.2.1 | geldmark / geld ✓✓ | | |
| 1.2.2 | deregulering ✓✓ | | |
| 1.2.3 | bestaansbeveiligingstoelae ✓✓ | | |
| 1.2.4 | sentrale bank ✓✓ | | |
| 1.2.5 | buitelandsevaluta mark / buitelandse valuta ✓✓ | (5 x 2) | [10] |

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas.

- | | | | |
|-------|----------|---------|---------------------|
| 1.3.1 | E ✓✓ | | |
| 1.3.2 | G / I ✓✓ | | |
| 1.3.3 | H ✓✓ | | |
| 1.3.4 | A / G ✓✓ | | |
| 1.3.5 | C ✓✓ | | |
| 1.3.6 | F ✓✓ | | |
| 1.3.7 | D ✓✓ | | |
| 1.3.8 | B ✓✓ | (8 x 2) | [16]
[50] |

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

VRAAG 2**2.1 Kies die korrekte word(e) uit dié tussen hakies.**

2.1.1 IMF ✓✓

2.1.2 mark ✓✓

2.1.3 oordeels ✓✓

2.1.4 BBI ✓✓

2.2 Noem DRIE tipes wisselkoersstelsels.

- Vaste wisselkoerse ✓✓
- Vry swewende wisselkoerse ✓✓ (6)
- Beheerde swewende wisselkoerse ✓✓ (3 X 2) [14]

2.3 Bestudeer die volgende diagram en beantwoord die volgende vrae:

2.3.1 Verwys na opeenvolgende periodes ✓ van toenemende (uitbreidende / opswaai) en afnemende (inkrimping / afswaai) ✓ ekonomiese aktiwiteite ✓ (3)

OF

Opeenvolgende periodes ✓ van ekonomiese ✓ fluktuasies ✓

2.3.2 (a) CDE / CE ✓✓✓
(b) CG / AE ✓✓✓ (2 x 3) (6)

2.3.3 Punt C / punt G / Trog ✓✓ (1 x 2) (2)

- 2.3.4
- Onvanpaste regeringsbeleid / inmenging ✓✓✓
 - Verandering in die geldvoorraad ✓✓✓
 - Klimaatstoestande (sonvlekteorie) ✓✓✓
 - Skokke (bv. Oorloë, drastiese toename in die prys van oile) ✓✓✓
 - Strukturele veranderinge in die ekonomie. ✓✓✓ (3)
 - Tegnologie ✓✓✓
 - Aanvaar enige ander relevante faktor vanuit 'n goedgekeurde bron (1 x 3)

2.3.5 Gebruik uitbreidende monetêre ✓bv. verandering in rentekoerse ✓✓ fiskale beleide ✓bv. verandering in belasting ✓✓ / verandering in owerheidsbesteding ✓✓ (1 x 3) (3)
bv. Belastingverligting, verlaging in rentekoerse

2.3.6 Ekstrapolasie ✓✓✓

(1 x 3)

(3)
[20]**2.4 Verduidelik die redes vir die mislukking van die openbare sektor.**

- Politici neig om beleid te bevorder en geld te bestee op projekte solank as hulle stemme inruil daarvoor kry. ✓✓
Hierdie beleide kan ook insluit die ondoeltreffende allokasie van hulpbronne. ✓✓
- In baie openbare sektor departemente bestaan 'n gebrek aan kapasiteit as gevolg van vaardigheidstekorte / Burokrasie. ✓✓
Dit beteken dat goed gekeurde fondse dikwels nie gespandeer word nie en terug betaal word aan die tesourie. ✓✓
- Gebrek aan rekenpligtigheid / Parastatale (openbare ondernemings) ✓✓
lei tot ondoeltreffendheid, korrupsie en swak dienslewering. ✓✓
- Gebrek aan motivering / apatie ✓✓
Eersteliniewerkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering. Dit lei tot beperkte dienslewering, swak kwaliteit en hoë koste. ✓✓
- Gewinstrewende gedrag / spesiale belangegroepe / eiebelang ✓✓
Individue en sakeondernemings wat probeer om hul eie belang te bevorder deur die staat te oortuig met winsgewende kontrakte, gunstige regulasies ens. Gebrekkige opleiding en ervaring, persoonlike en verskuilde agendas, twyfelagtige motiewe om die welvaart van iemand te verbeter ten koste van iemand anders. ✓✓
- Ernstige strukturele gebreke in die ekonomie ✓✓
Dit veroorsaak dat doelwitte nie bereik word nie. ✓✓
- Doelwitte nie bereikbaar nie / oorbevolking ✓✓
Indiensneming, behuising en voedingsprogramme nie moontlik met beperkte hulpbronne ✓✓
- Assesseer behoeftes ✓✓
Lei tot onder- en ooraanbod ✓✓
- Prysbepalingsbeleid ✓✓
Probleme in vasstelling van pryse van publieke goedere en dienste

[16]

(Enige 4 x 4)

VRAAG 3**3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies:**

- 3.1.1 Kommissie ✓✓
- 3.1.2 koste-voordeel-ontleding ✓✓
- 3.1.3 onvolmaakte ✓✓
- 3.1.4 ekonomiese ✓✓ (4 x 2) (8)

3.2 Met verwysing na die oligopolieë, noem enige DRIE vorms van nieprysmededinging.

- Produk-uitkenning en differensiasie ✓✓
- Verlengde winkel en besigheidsure. ✓✓
- Besigheid deur internet. ✓✓
- Na-verkoop dienste ✓✓
- Lewer addisionele dienste (vrye reis versekering deur banke.) ✓✓
- Gee erkening aan getroue verbruikers ✓✓
- Deur-tot-deur aflewings ✓✓
- Vestiging van handelsmerke ✓✓
- Advertensies ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante vorme vanuit goedgekeurde bronne (Enige 3 x 2) (6) [14]

3.3 Bestudeer die onderstaande grafieke en beantwoord die vrae wat volg:

- 3.3.1 Eksternaliteite is die voordele en ekstra koste wat voortspruit uit die vervaardiging van 'n goed, en word nie in prys weerspieël nie. Aanvaar enige ander definisie vanuit 'n goedgekeurde bron ✓✓✓ (3)
- 3.3.2 Grafiek A ✓✓✓ (3)
- 3.3.3
- Bestuiwing van vrugteboom deur bye ✓✓✓
 - Openbare vermaak van uitsig op private geboue ✓✓✓
 - Griepinspuittings bevoordeel diegene wat nie betaal vir inenting. ✓✓✓
 - Aanvaar enige ander relevante voorbeeld (Enige 2 x 3) (6)
- 3.3.4 V_1V_1 / V_1 ✓✓ (2) [20]

- 3.3.5 VV verteenwoordig die vraag van individue, dit is **private voordele verkry deur die aankoop van 'n spesifieke goed of diens**. En AA verteenwoordig die direkte koste om hierdie goedere of diens te verskaf. Die **markewewig** word aangedui waar A_0 en V_0 mekaar sny ✓✓✓ /
- Indien die **eksterne voordeel** wat geassosieer word met die voorsiening van die goedere of dienste gekwantifiseer kan word sou toeneem sal so 'n toename wat die gemeenskap bevoordeel (sosiale voordeel) deur V_1V_1 / V_1 voorgestel word. ✓✓✓ /
- As die eksterne voordeel in berekening gebring word, sal die ewewig voorgestel word met uitset Q_1 en verkoopprijs P_1 ✓✓✓

Aanvaar enige relevante voorbeeld ✓✓✓

(3 x 2)

(6)
[20]

3.4 Bespreek samespanning deur oligopolieë.

Interpretasie van die konsep en die redes vir samespanning en die soorte daarvan.

Definisie:

'n Ooreenkoms tussen maatskappye binne bepaalde industrie oor pryse en die hoeveelheid wat hulle gaan produseer. ✓✓

Redes:

Mededinging in die industrie te beperk, hoë vlakke van winsgewendheid op lang termyn te handhaaf met minder onsekerheid. ✓✓

Begrippe:

- **Formele/Openlike samespanning** ✓✓
Is seldsaam, en kom voor wanneer maatskappye saam vergader om besluite oor pryse en produksie te neem. ✓✓
- **Stilswyende samespanning** ✓✓
Waar maatskappye sonder dat hulle saam daarvoor besluit het, aan hul mededingers doen wat hulle hoop hul mededingers aan hulle sal doen. ✓✓ Elke stilswyende samespannende maatskappy hoop dat sy handeling sodanig deur mededingers ervaar sal word dat dit nie vir hulle probleme skep nie, en dat hulle dan op hul beurt die selfde sal doen. ✓✓

Vorme:

- **Pryisleiding** ✓✓
Algemene vorm van stilswyende samespanning. Dit is 'n reëling waarvolgens een maatskappy in die nywerheid in werklikheid die taak gekry het om prysbesluite namens die hele groep te neem. ✓✓ Die prysleier is dikwels die grootste maatskappy in die nywerheid. ✓✓

[16]

- **Kartelle** ✓✓
Hierdie is 'n formele samespanningsooreenkoms waarvolgens oligopolieë ooreenkoms oor pryse, markaandeel, reklamebesteding, produkontwikkeling, ens. ✓✓ Dit is waarskynliker dat kartelle gevorm sal word wanneer die goedere wat voorsien word, homogeen is, soos in die olie, sement of staal. ✓✓

(Indien genoem, maksimum 8 punte)

Aanvaar die voorwaardes vir suksesvolle samespanning bv. as die produk homogeen is, geblokkeerde toetrede, geen owerheidsinmenging. (8 X 2)

[50]

VRAAG 4

- 4.1**
- 4.1.1 monetêre ✓✓
- 4.1.2 NOS ✓✓
- 4.1.3 ontwikkelende ✓✓
- 4.1.4 gedwonge ✓✓ (4 x 2) (8)
- 4.2 Noem enige DRIE kenmerke van ontwikkelende lande.**
- Lae lewensstandaard ✓✓
 - Hoë vlakke van werkloosheid ✓✓
 - Lae vlakke van produktiwiteit ✓✓
 - Hoë geboortesyfer ✓✓
 - Afhanklikheid van die primêre sektor ✓✓
 - Ondoeltreffende infrastruktuur ✓✓
 - Hoë mortaliteitskoers ✓✓
 - Ongeletterdheid / lae vaardigheidsvlakke (opleiding)
 - Lae sosiale mobiliteit ✓✓
 - Lae per capita inkome ✓✓
 - Wanvoeding ✓✓
 - Sterk tradisionele bande ✓✓
 - Geskiedenis van kolonialisasie ✓✓ (3 X 2) (6)
[14]
- 4.3 Bestudeer die volgende grafieke en beantwoord die vrae wat daarop volg:**
- 4.3.1 Ekonomiese aanwyser is 'n statistiek (syfer) wat die gedrag van een of ander ekonomiese veranderlike aandui / ekonomiese aanwyser is 'n statistiek wat 'n sekere aspek van die ekonomie meet. ✓✓✓
Aanvaar enige ander definisie. (3)
- 4.3.2 Rentekoers / repokoers / primakoers ✓✓ (2)
- 4.3.3 Statistiek Suid-Afrika/SSA ✓✓
Suid Afrikaanse Reserwebank/SARB/sentrale bank ✓✓(Enige 1 x 2) (2)
- 4.3.4 Toename ✓✓✓ (3)
- 4.3.5 Private verbruiksbesteding styg bo die vlak van BBP – die grafieke weerspieël mekaar in hierdie verband deurdat 'n buitengewone vraag na goedere en dienste sal lei tot 'n toename in invoere om daardie vraag te bevredig ✓✓✓ (3)
Enige ander relevante verduideliking.

4.3.6

Reële BBP ✓✓✓ / BBP ✓✓

- gebruik om sakesiklusse te omskryf ✓✓
- gebruik in vooruitskatting ✓✓
- dui die belangrikheid van verskillende sektore aan ✓✓
- vergelyk ekonomiese groei met verskeie lande ✓✓

Enige (2 x 2 = 4) + 3

(7)
[20]

4.4 Vergelyk Suid-Afrika se groeibeleid met dié van internasionale maatstawwe.

Ekonomiese groei ✓✓

- Suid Afrika is 'n ontwikkelende land, volgens die Wêreld bank 'n laer-middel inkomste land. ✓✓
- Die owerheid het in 1996 anti-siklusse vraagbestuur afgeskaf ten gunste van strukturele hervorming as leidende beginsel in fiskale beleid. ✓✓
- Na die implementering van GEAR (1996), het die begrotingstekort tot kleiner as 3% van die BBP verminder wat in lyn is volgens internasionaal aanvaarde praktyke. ✓✓
- Die owerheid het tekorte verminder, openbare skuld beperk - hiervoor ontvang die staat erkenning vir uitsonderlike fiskale dissipline. ✓✓(maks 4)

Inflasie ✓✓

- Geleidelike vermindering in inflasie van 9% in 1994 tot 3,4% in 2005. Die SARB verlaag monetêre mikpunte en aanvaar inflasie mikpunte tussen 3% - 6%. ✓✓
- Rentekoerse gebaseer op die repokoers, is die hoofinstrumente wat gebruik word in die stabiliseringsbeleid. ✓✓
- Die volgehoue stabiele begrotingstekort het ook 'n stabiliseringseffek op die inflasiekoers gehad. ✓✓ (maks 4)

Indiensneming ✓✓

- Indiensneming in die nie-landbou sektor het afgeneem. ✓✓
- Die GEAR strategie veronderstel 'n klimaat wat bevordelik is vir werkskepping deur die privaat sektor. ✓✓
- Privaat sektor moet meer doeltreffend wees om internasionaal kompetend te wees. ✓✓
- Arbeidsproduktiwiteit in die formele ekonomie neem toe met 4,2% per jaar oor die afgelope 10 jaar periode geëindig 2005. ✓✓ (maks 4)

Wisselkoersstabiliteit ✓✓

- Tussen 1994 en 2002 het die Suid-Afrikaanse rand heelwat gedepresieer—sedert 2005 het dit geappresieer. ✓✓
- Internasionale reserwes het toegeneem van 3% van die BBP in 1994 tot 18,7% in 2005. Die SARB het vanaf die beheer swewende stelsel na die vrye-swewende stelsel verander. ✓✓
- Ten opsigte van die rol wat markkragte in die vasstelling van koerse speel, voldoen SA aan internasionale standaarde. ✓✓ (maks 4)
- Aanvaar toepaslike, huidige ekonomiese voorbeelde of statistieke.

[16]

[50]

VRAAG 5: LU4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES, AS1-AS4

- 5.1**
- 5.1.1 teikens ✓✓
- 5.1.2 diens ✓✓
- 5.1.3 hiperinflasie ✓✓
- 5.1.4 inkomste ✓✓ (4 x 2) (8)
- 5.2 Noem enige DRIE groepe wat deur inflasie benadeel word.**
- Persone op vaste inkomste soos pensioenarisse, welsynstoelae ✓✓
 - Krediteure ✓✓
 - Persone wat geld in die bank het of wat graag bespaar ✓✓
 - Persone wat salarisverhogings kry onder die inflasiekoers ✓✓
 - Armes / laer inkomstegroepe ✓✓
 - Werkloses ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)
[14]
- 5.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat daarop volg.**
- 5.3.1 Asgi-SA / GEAR. ✓✓✓ (3)
- 5.3.2
- Politiese stabiliteit ✓✓
 - Betroubare en moderende infrakstruktuur ✓✓
 - Doeltreffende en betroubare visumstelsel / uni-visum ✓✓
 - Lugvaartstrategie ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 5.3.3
- 'n visum wat aanvaar sal word in al die SOAG lande. ✓✓✓
 - 'n algemene visum ✓✓✓ (Enige 1 x 3) (3)
- 5.3.4
- 'n Toename in bestebare inkome ✓✓
 - Vermindering in werksure ✓✓
 - Groter bewustheid van vrye tyd en ontspanning. ✓✓
 - Verbeterde vervoer, kommunikasie en verblyf fasiliteite. ✓✓
 - Toename in advertensie en reklame ✓✓
 - Bewusmaking van die voordele van vakansie en reis. ✓✓
 - Gerieflikheid in die beskikbaarheid van buitelandse valuta en internasionale betalings/transaksies. ✓✓ (6)
 - Globalisering ✓✓ (Enige 3 x 2)
 - Enige ander rede
- 5.3.5 Huishoudings
- Verhoogde inkome ✓✓
 - Verbeterde infrastruktuur ✓✓
 - Verbeterde vaardighede ✓✓
 - Skep werksgeleenthede ✓✓
 - Enige ander toepaslike antwoord (Enige 1 x 2)

Sakeondernemings

- Maak 'n wins ✓✓
- Indiensneming ✓✓
- Ondernemerskap ontwikkeling ✓✓
- SEB ✓✓
- KMMO ✓✓
- OPV ✓✓
- Enige ander toepaslike antwoord

(Enige 1 x 2)

(4)
[20]**5.4 Bespreek besoedeling in terme van omgewingsvolhoubaarheid.**

- Wanneer mense op 'n regstreekse of onregstreekse manier afvalstowwe in die omgewing stort ✓✓
- Lugbesoedeling ✓✓
is die ophoping in die atmosfeer van stowwe wat, in voldoende konsentrasies, mense se gesondheid bedreig. ✓✓
(bv) krag- en hitte-opwekking, ozoonlaag vernietiging. ✓✓
Klimaatveranderinge ✓✓
- Grondbesoedeling ✓✓
is die degradering van die aarde se grondoppervlak deur die misbruik van die grond ✓✓
as gevolg van swak landboupraktye, mineraalontginning ✓✓
Besoedeling is die byvoeging in die ekosisteem van iets wat 'n skadelike effek daarop het. ✓✓
Een van die belangrikste oorsake van besoedeling is die hoë tempo van energieverbruik deur moderne, groeiende bevolkings. ✓✓
- Waterbesoedeling ✓✓
is die byvoeging in vars of seewater van chemiese, fisiese of biologiese stowwe wat die gehalte van die water degradeer en die lewende organismes daarin affekteer ✓✓
Bv. nywerheidsafvloei, mynbouafval ✓✓
- Geraasbesoedeling ✓✓
Buitengewoon groot hoeveelhede geraasbesoedeling sal lei tot ernstige nadelige gevolge vir alle deelnemers aan die ekonomie ✓✓
- Noem van feite - maksimum 8 punte

(8 x 2)

[16]
[50]

VRAAG 6

- 6.1**
- 6.1.1 inheemse ✓✓
- 6.1.2 oorbenutting ✓✓
- 6.1.3 groen ✓✓
- 6.1.4 Monetêre Beleidskomitee ✓✓ (4 x 2) (8)
- 6.2 Lys DRIE redes vir die bestaan van die openbare sektor.**
- Markmislukkings – onvoldoende hulpbron allokasie
 - Voorsiening van publieke goedere en dienste ✓✓
 - Probleme met eksternaliteite wat staatsinmening vereis. bv. negatiewe eksternaliteite-vermindering in uitsette. ✓✓
 - Voorsiening van merietegoedere – breë sosiale voordeel. ✓✓
 - Ontmoedig nie-meriete goedere – belasting om verbruik en produksie te ontmoedig. ✓✓
 - Verhoed monopolievorming en bevorder kompetisie. ✓✓
 - Herverdeling van inkomme tot die voordeel van die gemeenskap. ✓✓
 - Bestuur die ekonomie / stabiliseer die ekonomie en versterk die regstruktuur. ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)
- [14]
- 6.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg:**
- 6.3.1 'n Opgawe van 'n land se finansiële transaksies met die res van die wêreld ✓✓ vir 'n spesifieke tydperk. ✓/ 'n Opgawe van 'n land se invoere en uitvoere ✓ vir 'n spesifieke tydperk. ✓ (3)
- 6.3.2
- kapitaaloordragrekening /kapitaalrekening ✓✓✓
 - verandering in reserwes rekening ✓✓✓ (Enige 1 X 3) (3)
- 6.3.3 Portefeuljebeleggings ✓✓✓ (3)
- 6.3.4 a.g.v. – die historiese belangrikheid van goud vir SA. ✓✓✓/ 'n belangrike verdieners van buitelandse valuta. ✓✓✓ (Enige 1 X 3) (3)

6.3.5 Invloeië:
 398 532 m ✓
 + 35 470 m ✓
 + 81 353 m ✓
 + 40 234 m ✓ (maks 4)
 = 555 589 m

Uitvloeië:
 476 545 m ✓
 + 96 950 m ✓
 + 75 990 m ✓
 + 18 494 m
 = 667 979 m
 555 589 m - 667 979 m = -112 390 m ✓ (maks 3)

OF

398 532 m ✓
 + 35 470 m ✓
 + 81 353 m ✓
 + 40 234 m ✓
 - 476 545 m ✓
 - 96 950 m ✓
 - 75 990 m ✓
 - 18 494 m
 = -112 390 m ✓
 (Maksimum 4 punte, indien al die bedrae opgetel word) (8 x 1) (8)

6.4 Gebruik toepaslike voorbeelde om te verduidelik hoe inheemse kennisstelsels (IKS) toerisme in Suid-Afrika sal bevorder.

- Toeriste wil die inheemse kultuur, geskiedenis en omgewing verstaan - hoe die plaaslike mense leef en werk. ✓✓
- Inheemse kennisstelsels (IKS) is uiters belangrik vir die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike bewustheid en trots onder die mense van Suid-Afrika. ✓✓
- Lewenswyse, gebruike, oortuigings, godsdienstige seremonies en rituele ✓✓
- Al die kunste-musiek, dans, skilderkuns, skryfkuns ✓✓
- Waardes-daardie eienskappe wat ons as belangrik beskou, soos eerlikheid en respek vir ander mense. ✓✓
- Maniere waarop mense optree, as groepe en individue. ✓✓
- Wat ons aantrek, wat ons eet, ons woonplek, die taal wat ons praat, die dinge wat ons gelukkig maak ✓✓
- Voorwerpe wat met seremonies en rituele geassosieer word. ✓✓
- (Enige toepaslike voorbeelde)
- (Noem - maksimum 4 X 2) (8 X 2) [16]

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

- I. **Opstel** antwoorde moet 'n inleiding, liggaam en slot bevat:
 - Vir die inleiding en slot, sal 5 punte toegeken word.
 - 'n Bykomende 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
 - 'n Maksimum van 40 punte sal vir die liggaam toegeken word.

- II. **Ander lang antwoorde**:
 - 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp en taalgebruik toegeken word.
 - 'n Maksimum van 45 punte sal vir die liggaam toegeken word.

- III. Lang antwoorde waar 'n **brief** vereis word, vereis:
 - 5 punte sal vir die formaat van die brief toegeken word, soos volg:
 - 3 punte vir die aanhef
 - 2 punte vir die afsluiting
 - 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
 - 'n Maksimum van 40 punte sal vir die liggaam toegeken word.

VRAAG 7

‘n Oop ekonomiesekringloopmodel illustreer die ekonomiese interaksie tussen die vier deelnemers. Verduidelik hierdie interaksie in detail met behulp van ‘n diagram, wat inspuittings en onttrekkings insluit.

Sluit jou antwoord af, deur te verduidelik hoe een individu se besteding ‘n ander individu se inkome word (die vermeningvuldigereffek). **(maks 10)**


[50]

BEGRIP

Die ekonomiesekringloopmodel is ‘n vereenvoudigde voorstelling wat aandui hoe die ekonomie werk en die verhouding tussen inkome en besteding in die ekonomie as ‘n geheel. Die ekonomiesekringloopmodel van ‘n ope ekonomie dui aan die werkings van ‘n ekonomie wat oop is tot die buiteland. Dit verskil van ‘n geslote ekonomie omdat dit die buiteland insluit. ✓✓✓ **(maks 3)**

Aanvaar enige ander toepaslike verduideliking van die begrip.

INHOUD



Die vier sektor oop ekonomiese kringloopmodel.

Deelnemers: 4 X 1 = 4
Insputings = 1 X 1 = 1
Lekkasies = 1 X 1 = 1
Korrekte aanduiding van geld en reële vloei (1 X 2) = 2
Totaal = 8 punte

(Aanvaar enige goed benoemde diagram)

Huishoudings en Sakektor. ✓✓ Huishoudings verdien inkome in die vorm van lone/rente/huur en wins deur hul produksiefaktore aan sakektor te verkoop. ✓✓ Sakeondernemings gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer, waarop die huishoudings hul inkome bestee. ✓✓ Dus sal die sakeondernemings inkome ontvang. ✓✓

Daar is 'n vloeï van geld en goedere en dienste tussen die **huishoudings en die staat**. ✓✓ Die huishoudings verskaf arbeid aan die staat en ontvang inkomme daarvoor. ✓✓ Die staat voorsien die huishoudings van publike goedere en dienste ✓✓ (bv.) parke, hospitale ✓✓ waarvoor hulle belasting betaal. ✓✓ Belasting is die belangrikste bron van inkomste vir die staat. ✓✓

Daar is 'n vloeï van geld en goedere en dienste tussen die **sakesektor** en die **staat**. ✓
✓ Die sakesektor voorsien die staat van goedere en dienste waarvoor die staat moet betaal. ✓✓ Die staat voorsien ook openbare goedere en dienste aan die sakesektor waarvoor hulle indirek (belasting) betaal. ✓✓

Daar is 'n vloeï van goedere (invoere) van die sakesektor aan die **buiteland** ✓✓ waarvoor die sakesektor betaal. ✓✓. Dit sal as besteding vir die sakesektor gesien word. ✓✓ Daar is ook 'n vloeï van goedere aan die buiteland vanaf die sakesektor. ✓✓ Hierdie sal inkomme vir die sakeonderneming wees. ✓✓

Die **finansiële sektor** bestaan uit banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse. ✓✓ Hulle tree as 'n skakel op tussen huishoudings en sakeondernemings wat surplus fondse het, en ander in die ekonomie wat hierdie fondse nodig het. ✓✓ Die geld wat huishoudings en sakeondernemings aan die finansiële sektor verskaf word as besparings beskou. ✓✓ Die besteding op kapitaalgoedere deur die sakeondernemings word beskou as investering. ✓✓

(maks 24)

VERMENIGVULDIGEREFFEK

Die vermenigvuldiger dui aan hoe nasionale inkomme verander as gevolg van veranderings in inspuitings of lekkasies, soos bv. Investering en besparings. ✓✓ Aanvanklik is daar 'n toename in die ekonomie as gevolg van (investering, staatsbesteding of uitvoere), dit sal lei tot 'n groter as proporsionele toename in nasionale inkomme. ✓✓

Die ekstra besteding sal 'n rimpel-effek hê en selfs meer besteding veroorsaak. ✓✓

Die grootte van die vermenigvuldiger sal afhang van die vlakke van lekkasies. ✓✓

- (bv) 'n Sakeonderneming se investering neem toe met 'n R1000.
- Dit gebeur deur kapitaalgoedere teen 'n bedrag van R1000 vanaf die verskaffers te bestel. ✓✓
- Totale besteding het met 'n R1000 toegeneem. Totale produksie het ook met 'n R1000 toegeneem en wat ook tot 'n toename van 'n R1000 in inkomme sal lei. Die toename in besteding = toename in produksie = toename in inkomme. ✓✓
- Wanneer huishoudings inkomme ter waarde van R1000 verdien, vind lekkasies plaas, deur persoonlike inkomstebelasting, besparings en besteding op uitvoere. ✓✓ As hierdie bedrag R300 is, dan sal besteding op binnelandse goedere met R700 toeneem. Op hierdie stadium sal die vermenigvuldiger in werking tree. ✓✓

(maks 10)

(45)

Toepassing van formulas, die grafiek en korrekte verduideliking tot 'n maksimum van 10 punte.

Gebruik die volgende assesseringsraamwerk tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Die kandidaat toon geen begrip vir die onderwerp nie.
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30)
5	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45)

(5)
[50]

VRAAG 8

'Markte is die spil waarom alle ekonomiese aktiwiteite draai en verskaf dinamika vir die prestasie van ekonomieë'.

Bespreek volmaakte medediging as 'n markstruktuur met spesifieke verwysing na die definisie, eienskappe en markstrukture daarvan.

Sluit jou bespreking af deur redes te gee waarom jy nie onder toestande van monopolistiese medediging in die mark sal deelneem nie. (maks 10) **[50]**

Definisie:

Is 'n markstruktuur met 'n groot aantal deelnemers waar almal prysnemers is, toetrede en uittrede is op die langtermyn sonder enige beperkings, alle inligting is tot kopers en verkopers se beskikking en 'n homogene produk word verkoop. OF
'n Mark waarin die voorwaardes vir volmaakte kompetisie bevredig word OF
Volmaakte kompetisie kom voor wanneer geen van die individuele markdeelnemers die prys van die produk kan beïnvloed nie. ✓✓✓ **(maks 3)**

Aanvaar enige ander definisie.

Eienskappe:

- **Baie kopers:** ✓✓ Die aantal kopers is soveel dat elke markdeelnemer onbeduidend klein in verhouding tot die mark as geheel is. ✓✓ Dit het die belangrike implikasie dat geen individuele koper of verkoper die markprys kan beïnvloed nie. ✓✓
- **Baie verkopers:** ✓✓ Die aantal verkopers in die mark is so groot dat die individuele verkoper geen invloed op die markprys uitoefen nie (prysnemers) ✓✓
- **Homogene produkte:** ✓✓ Al die produkte wat in die spesifieke mark verkoop word, is homogeen, ✓✓ dit wil sê presies dieselfde wat kwaliteit, voorkoms ensovoorts betref. Dit maak geen saak by wie of waar hy die produk koop nie. ✓✓
- **Vryheid van toetrede/uittrede:** ✓✓ Daar bestaan algehele vryheid van toetrede en uittrede, dit wil sê die mark is volkome toeganklik. ✓✓ Kopers en verkopers is heeltemal vry om tot die mark toe te tree of dit te verlaat. Daar moet geen beperkings op toetrede in die vorm van wetlike, finansiële, tegnologiese of ander hindernisse wees wat die vryheid van beweging van kopers en verkopers aan bande lê nie. ✓✓
- **Beweeglikheid van produksiefaktore:** ✓✓ Alle produksiefaktore is volkome beweeglik, ✓✓ met ander woorde, arbeid, kapitaal en die ander produksiefaktore kan vrylik van een mark na 'n ander beweeg. ✓✓

- **Volledige kennis:** ✓✓ Kopers en verkopers het volledige kennis van alle marktoestande. ✓✓ Byvoorbeeld, sou een besigheid dit waag om sy prys tot bo die markprys te verhoog, sal al die kopers dadelik daarvan weet en by dië besighede gaan koop wat steeds die laer prys vra. ✓✓
- **Geen samespanning:** ✓✓ Samespanning tussen verkopers vind plaas nie. ✓✓ Elke verkoper tree onafhanklik van die ander op in 'n volkome mededingende mark. Volgens die Wet op Mededinging, Wet 89 van 1998, is samespannings praktyke in Suid- Afrika onwettig. ✓✓
- **Ongereguleerde mark:** ✓✓ Daar is geen owerheidsinmening wat kopers of verkopers kan beïnvloed nie. ✓✓ Besluitnemings word aan die individuele verkoper of koper oorgelaat. ✓✓
- **Geen voorkeurbehandeling (geen diskriminasie)** ✓✓ geen deelnemer word word bo 'n ander bevoordeel nie ✓✓
- **Doeltreffende vervoer en kommunikasie:** ✓✓ Maak toegang tot markte moontlik. **Max 8 x 4 (32)**

Monopolistiese Mededinging Nadele vir die firma en verbruiker	
Verbruikers betaal hoër pryse onder monopolistiese mededinging	✓✓
Uitset in die geval van monopolistiese mededinging is minder as die geval van volmaakte mededinging.	✓✓
Die monopolistiese mededinging is nie in staat om teen ideale produksievlakke te produseer nie	✓✓
Die monopolistiese mededinging is dus nie produktief betreffende die allokasie van hulpbronne nie	✓✓
Oneffektiewe aanwending van hulpbronne in die geval van monopolistiese mededinging – volmaakte mededinging produseer meer teen laer pryse – dus is hy meer doeltreffend in die gebruik van hulpbronne	✓✓
Markinligting is in die geval van monopolistiese mededinging onvolledig.	✓✓

Maks (5 x 2)

Gebruik die volgende assesseringsraamwerk tesame met bogenoemde om die bespreking te assesser:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Die kandidaat toon geen begrip vir die onderwerp nie.
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30)
5	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45)

VRAAG 9

'Die liberalisering van buitelandse handel ... Funksioneer soms as 'n tipe industriële revolusie, in 'n land met voorheen onderontwikkelde hulpbronne.'

Bespreek die argumente ten gunste van 'n beleid van beskerming en bespreek krities die Suid-Afrikaanse internasionale handelsbeleid ten opsigte van vryhandel.

[50]

DEFINISIE: Beskerming is die toepassing van 'n handelsbeleid waardeur die staat invoer van sekere goedere en dienste ontmoedig met die oog op die beskerming van tuisnywerhede teen ongelyke mededinging van oorsee ✓✓✓

ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN BESKERMING**1. Skep inkomste vir die regering ✓✓**

- In ontwikkelende lande is die belastingbasis dikwels beperk omdat individue en besighede se inkomste min is. ✓✓
- Lae inkomste verskaf nie baie in die vorm van inkomstebelasting nie. ✓✓
- Doeanetariëre op invoere-belangrike bronne van inkomste vir die regering. ✓✓

2. Beskerming van die volle nywerheidsbasis: ✓✓

Vier oorwegings is relevant vir die beskerming van die nywerheidsbasis van 'n land:

- * Bestendiging van binnelandse indiensneming/verminder werkloosheid en verskaf meer werksgeleenthede. ✓✓
 - Lande met hoë werkloosheidsvlakke - deurlopende druk om werkskepping te stimuleer ✓✓
 - beskermingsbeleid om industrialisasie te bevorder. ✓✓
 - binnelandse werkskepping bemoedig deur die instelling van invoerbeperkings. ✓✓
- * Beskerming van werkers ✓✓
 - lande met relatiewe lae loon - onredelike mededinging en veroorsaak dat die lewenstandaard van die relatief beter betaalde werkers in die plaaslike nywerhede bedreig word. ✓✓
 - beskerming is nodig om te voorkom dat plaaslike loonvlakke nie daal nie. ✓✓
 - beskerm plaaslike besighede teen ondergang wanneer hulle nie meer winsgewend is nie. ✓✓
- * Diversifisering van die nywerheidsbasis ✓✓
 - beskerming help om oormatige spesialisasie te voorkom. ✓✓
 - invoerbeperkings kan op 'n reeks produkte ingestel word om te verseker dat 'n groter aantal binnelandse nywerhede ontwikkel. ✓✓

* Ontwikkeling van strategiese nywerhede ✓✓

- sommige nywerhede word as strategiese nywerhede beskou.
(bv) landbou en energie ✓✓
- Ontwikkelende lande kan voel dat hulle hierdie nywerhede moet ontwikkel om meer selfonderhoudend te word. ✓✓

3. Beskerming van spesifieke nywerhede: ✓✓

• Dumping ✓✓

- Regeringssubsidies laat toe dat sakeondernemings teen baie lae pryse kan verkoop - lei na prysdiskriminasie. ✓✓
- Produkte kan uitgevoer word om van surplusvoorrade ontslae te raak-invoerland trek voordeel. ✓✓
- Langtermyndoelwit kan egter wees om plaaslike vervaardigers uit te dryf en sodoende 'n sterk markposisie te bekom-verbruikers verloor omdat hulle keuse beperk gaan wees. ✓✓

• Suigelingnywerhede / Nywerheidsontwikkeling ✓✓

- Nuut gestigde nywerhede vind dit moeilik om te oorleef, omdat gemiddelde koste hoër is. ✓✓
- Beskerming in hul aanvangsjare stel hulle in staat om te groei en voordeel te trek uit skaalvoordele en laer gemiddelde koste en so meer mededingend raak- dan kan beskerming onttrek word. ✓✓

• Kwynende nywerhede ✓✓

- Strukturele vernaderings in vraag en aanbod kan 'n nywerheid uiters nadelig tref. ✓✓
- Sulke nywerhede gaan geleidelik tot niet-beskerming gee hierdie nywerhede tyd om hulpbronne na ander nywerhede te ontplooi. ✓✓
- nie meer 'n komparatiewe voordeel het nie-groot toename in werkloosheid ontstaan. ✓✓

4. Beskerming van binnelandse standaarde ✓✓

- Handelsbeperking soos voedselveiligheid, menseregte en omgewingstandaarde ✓✓
- Stabilisering van wisselkoerse en betalingsbalansoorwegings ✓✓
- Beskerming van natuurlike hulpbronne sodat hulle nie oorbenut word nie. ✓✓
- Ekonomies self-versorgend ✓✓
- Groter ekonomiese stabiliteit ✓✓
- Natuurlike hulpbronne word nie uitgeput nie ✓✓

(Maks 35)

KRITIESE EVALUERING VAN SA SE VRYEHANDELSBELEID:

- SA deel van die **doean-eunie** sedert 1910 – verskeidenheid protokols nou vervang deur SAOG protokols – vordering is gemaak in die versterking van bilaterale bande met belangrikste handelsvennote– in die vorm van ‘n vryhandelsgebied-protokolle ✓✓
- Suid-Afrikaanse Doeane-unie - huidige lede onderhandel ooreenkoms met Vryhandelsgebiede (VHGe) met die res van die wêreld soos die Europese Vryhandelsbond. ✓✓
- Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) huidiglik het status van VHGe – 97 % kwalifiseer vir tariefvrye toegang tot Suid-Afrika-teen 2010 moet dit ten volle geliberaliseerd wees. ✓✓
- Afrika-Unie se doel is om die kontinent in ‘n **ekonomiese en monetêre unie** te omskep. – het Nepal as ontwikkelingstrategie aanvaar. – eerste fase is om die vyf streeks - VHGe te ontwikkel. – SAOG is een van die VHGe. ✓✓
- Die Europese Unie-Suid Afrika-VHGe- behels die afskaffing van tariewe– 95% van EU se invoere vanaf Suid-Afrika teen 2010 en 86% invoere vanaf die EU van tariewe vry te stel oor ‘n periode van 12 jaar. Handel, Ontwikkelings en Samewerking Ooreenkoms geïmplementeer in 2000 en gestig met die oog op liberalisering van handel tussen SA and EU. ✓✓
- Mercusor – SA het ‘n raamwerk-ooreenkoms met Mercusor in 2000 onderteken, om bestaande betrekkinge tussen die partye te versterk (Latyns Amerikaans)– uiteindelik sal die VHGe alle SADU-ledestate insluit. ✓✓
- WHO bevorder vryhandel – oortuig lande om invoeretariewe af te skaf. ✓✓
- Handel volgens Indiëse Oseaan Rim Ooreenkoms vir Streekssamewerking (handel met Indië, Malaysia en Japan het toegeneem) ✓✓
- SA onderteken Marrakesj-ooreenkoms om internasionale handel te liberaliseer deur invoertariewe te verlaag en tariefbelemmerings uit te skakel. ✓✓
- Cotonou ooreenkomste – SA is ‘n lidmaat van die ACP (Afrika-Karabiese-Pasifiese Groep) ✓✓
- Internasionale Handel en Ekonomiese Ontwikkeling (ITED) van die Departement van Handel en Nywerheid is om Suid-Afrika se toegang tot markte wêreldwyd te verhoog-op voorkeurvoorwaardes te beding. ✓✓ (Enige 5 X 2)

(10
[50])

Gebruik die volgende assesseringsraamwerk tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Die kandidaat toon geen begrip vir die onderwerp nie.
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30)
5	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45)

VRAAG 10

'Suid Afrikaners word sterker. Dertig jaar gelede het dit vyf mense geneem om vyftig rand se inkopies te dra. Vandag kan 'n kind dit doen.'

Anoniem

Rig 'n brief aan die president van die Reserwebank, waarin jy aan hom die oorsake en impak van inflasie op veral die armstes van die armes verduidelik. Stel ook moontlike maatreëls voor om inflasie te beveg.

Adres: Suid-Afrikaanse Reserwebank, Posbus 427, Pretoria, 0001.

[50]

Adres van kandidaat bv.

Lane Weg 2

EXAM FOUNTAIN ✓

0002

Datum 12 November 2008 ✓

Adres van Ontvanger

Die President

Suid Afrikaanse Reserwebank ✓

Posbus 427

PRETORIA

0001

Heer/Dame

<p>Struktuur van formele brief: maks 5 (Aanhef: 3 punte en sluiting 2 punte)</p>
--

RE: INFLASIE ✓✓✓ /

Aanvaar enige relevante inleiding.

OORSAKE

1. Toename in die geldvoorraad ✓✓

- 'n **Groter toename in die voorraad van geld** in sirkulasie in die mark as in die aanbod van goedere en dienste. ✓✓
- Daar is meer geld beskikbaar om dieselfde goedere te koop. ✓✓
- As die aanbod van goedere nie toeneem nie (verhoging in produktiwiteit) sal die kopers bereid is om meer daarvoor te betaal. ✓✓

2. Vraag / Vraag-trekinflasie ✓✓

- Sekere oorsake van vraag-trekinflasie is die toename in die **besteebare inkome van huishoudings** ✓✓
- Beschikbaarheid van **krediet** van banke, kredietkaarte vanaf banke en persoonlike oortrokke fasiliteite, wat vraag laat toeneem. ✓✓
- 'n Toename in die **ekonomiese aktiewe bevolking** wat na 'n toename in vraag van verbruiksgoedere sal lei. ✓✓

3. Koste / Koste-drukinflasie ✓✓

- Sekere oorsake van koste-druk inflasie is aanbod skoke, soos 'n **skielike toename in die prys van olie** ✓✓
- 'n Skielike toename in **rentekoerse** ✓✓
- 'n Toename in produksiefaktore, soos die koste van arbeid of grond ✓✓ (maks 12)

IMPAK OP ARMSTE VAN ARMES1. Koopkrag van geld ✓✓

- Toename in pryse bv. basiese voedsel, sal die koopkrag verminder ✓✓
- Die arm mense is afhanklik van pensioene en welsyntoelaes, wat nie teen dieselfde koers as reële lone styg nie. ✓✓

2. Inkome en rykdom ✓✓

- Die armes word die hardste getref want hulle kan met hulle karige inkomste voortdurend minder bekostig. ✓✓
- Prysstygings affekteer die mens wie se inkome relatief konstant bly ✓✓

3. Sosiale impak ✓✓

- Geweld en misdaad affekteer die gemeenskap in die geheel. ✓✓
- Gesondheidskwessies soos wanvoeding, MIV/Vigs ✓✓
- Lae lewensstandaard (te kort aan behuising en basiese dienste) ✓✓
- Familie wanbalanse ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante antwoorde (maks 16)

SLOTOPMERKING : MAATREËLS1. Monetêre beleid ✓✓

- Die monetêre owerheid kan rentekoerse verhoog en beperkings op die geldvoorraad stel. ✓✓
- Dit laat die koste van krediet styg en verminder die beskikbaarheid van krediet aan die verskillende sektore van die ekonomie. ✓✓
- Verskeie monetêre maatreëls kan vir hierdie doel aangewend word bv. Bankkoers verhoog (repokoers) en om besparing aan te moedig. ✓✓
- Die monetêre owerheid kan morele druk op finansiële instellings plaas om versigtiger met die toestaan van krediet te wees. ✓✓
- Die verslapping van wisselkoersbeheer deur die monetêre owerheid kan ook gebruik word as 'n maatreëls om inflasie te bekamp. ✓✓

2. Fiskale beleid ✓✓

- Die minister van Finansies gebruik maatreëls soos belastingheffing en staatsbesteding om inflasie te beheer. ✓✓
- Dit verminder die vraag na goedere maar het ook 'n negatiewe effek op indiensneming en produksie. ✓✓
- Indirekte belasting soos BTW, doeane- en aksynsreg, kan verhoog word. ✓✓
- 'n Bybelasting op invoergoedere (verhoog pryse van invoergoedere) en kan help om inflasie te beheer. ✓✓
- Beskermdende maatreëls moet geneem word om plaaslike nywerhede teen ongelyke/onbillike internasionale mededinging te beskerm. ✓✓

3. Strukturele (aanbod-kant/ algemene / nie-monetêre / nie-fiskale) maatreëls ✓✓

- 'n Doeltreffende kombinasie van beide fiskale en monetêre beleide moet gebruik word om inflasie te bekamp. ✓✓
- Toename in produktiwiteit deur beter onderwys en opleiding. ✓✓
- Om persoonlike besparings aan te moedig, wat tot 'n verhoging in die aanbodkant van die ekonomie en 'n vermindering in die makro-vraag sal lei. ✓✓
- Implementering van strenger loonverhogingsbeleid. ✓✓
- Strenger voorwaardes vir die toestaan van verbruikers krediet. ✓✓
- Wanneer die markstelsel (vraag-kant of aanbod-kant) nie reg funksioneer nie, is inflasie dikwels die "prys" wat ons moet betaal. ✓✓
- Beperk kredietverlening ✓✓
- Verkoop van kleinhandel spaarobligasies ✓✓
- Leningsheffings deur SAID (maks 12)

Aanvaar enige ander maatreëls.

Sluiting bv.

Die Uwe ✓

Handtekening ✓

Naam

Gebruik die volgende assesseringsraamwerk saam met bogenoemde om die bespreking te assesseer:

(5)
[50]

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Die kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp, maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30)
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45)

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 300